

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 140

03 FEBRUARIE 2016

**OPENBARE KENNISGEWING OM RAPPORTEERBARE REËLINGS VIR
DOELEINDES VAN ARTIKELS 35(2) EN 36(4) VAN DIE WET OP
BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011), TE LYS**

Ingevolge artikels 35(2) en 36(4) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, lys ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby in die Bylae hierby, rapporteerbare reëlins en uitgeslote reëlins.

Hierdie openbare kennisgewing vervang met ingang van sy datum van publikasie alle vorige kennisgewings uitgevaardig kragtens artikels 35(2) en 36(4) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011.

**T S MOYANE****KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

BYLAE

1. Algemeen

In hierdie kennisgewing, tensy uit die konteks anders blyk, dra enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Inkomstebelastingwet, 1962, of die Wet op Belastingadministrasie, 2011, geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

2. Rapporteerbare reëlings

Die volgende reëlings is geïdentifiseer rapporteerbare reëlings te wees:

2.1. 'n Reëling wat sou gekwalifiseer het as 'n "hibriede ekwiteitsinstrument" ingevolge artikel 8E van die Inkomstebelastingwet, 1962, indien die voorgeskrewe tydperk in daardie artikel 10 jaar was, maar sonder insluiting van enige instrument genoteer op 'n beurs wat ingevolge die "Financial Markets Act, 2012" (Wet No. 19 van 2012), gereguleer word;

2.2. 'n Reëling ingevolge waarvan—

- (a) 'n maatskappy op of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aandele van een of meer aandeelhouders vir 'n totale bedrag wat R10 miljoen te bowe gaan, terugkoop; en
- (b) daardie maatskappy binne 12 maande vanaf die aangaan van daardie reëling of van die datum van enige terugkoop ingevolge daardie reëling aandele uitgereik het of verplig is om aandele uit te reik;

2.3. 'n Reëling ingevolge waarvan—

- (a) 'n persoon wat 'n inwoner is op of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing enige bydrae of betaling maak aan 'n trust wat nie 'n inwoner is nie en 'n voordelige belang in daardie trust het of verkry; en
- (b) die bedrag van alle bydraes of betalings, hetsy voor of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing gemaak, of die waarde van daardie belang R10 miljoen te bowe gaan of redelikerwys verwag word te bowe sal gaan, uitgesonder enige bydraes of betalings gemaak aan of voordelige belang verkry in enige—
 - (i) portefeulje vervat in enige beleggingskema beoog in paragraaf (e)(ii) van die omskrywing van “maatskappy” in artikel 1(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962; of
 - (ii) buitelandse beleggingsentiteit soos omskryf in artikel 1(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962;

2.4. 'n Reëling ingevolge waarvan een of meer persone op of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing die beherende belang verkry, insluitend deur middel van die verkryging van aandele, stemregte of 'n kombinasie van beide, in 'n maatskappy wat—

- (a) (i) 'n balans van vasgestelde verlies wat R50 miljoen te bowe gaan, oorgebring het of verwag om oor te bring van die jaar van aanslag wat die jaar van aanslag waarin die beherende belang verkry word onmiddellik voorafgaan;
- (ii) 'n vasgestelde verlies wat R50 miljoen te bowe gaan, het of redelikerwys verwag om te hê ten opsigte van die jaar van aanslag waartydens die beherende belang verkry word; of
- (b) regstreeks of onregstreeks 'n beherende belang hou in 'n maatskappy in paragraaf (a) bedoel;

2.5. 'n Reëling tussen 'n persoon wat 'n inwoner is en 'n persoon wat as 'n versekeraar kwalifiseer ingevolge enige reg van enige ander land as die Republiek (hierna die buitelandse versekeraar genoem) ingevolge waarvan—

- (a) 'n totale bedrag wat R5 miljoen te bowe gaan of redelikerwys verwag word dit te bowe te gaan, deur die inwoner aan die buitelandse versekeraar betaal is of betaalbaar word; en
- (b) enige bedrag betaalbaar op of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, in kontant of andersins, aan enige begunstigde ingevolge daardie reëling hoofsaaklik bepaal moet word met verwysing na die waarde van bepaalde bates of klasse van bates wat deur of ten behoeve van die buitelandse versekeraar of deur 'n ander persoon vir doeleindes van daardie reëling gehou word; en

2.6. 'n Reëling vir die lewering aan 'n persoon—

- (a) wat 'n inwoner is; of
- (b) wat nie 'n inwoner is nie wat 'n permanente saak in die Republiek het wat betrekking op daardie reëling het,

van konsulerings-, konstruksie-, ingenieurs-, installasie-, logistieke, bestuurs-, toesighoudende, tegniese of opleidingsdienste, ingevolge waarvan—

- (i) 'n persoon wat nie 'n inwoner of 'n werknemer, agent of verteenwoordiger van daardie persoon is nie—
 - (aa) fisies in die Republiek teenwoordig was of is; of
 - (bb) verwag word fisies in die Republiek teenwoordig te wees, in verband met of vir die doeleindes van die lewering van daardie dienste; en
- (ii) die uitgawes ten opsigte van daardie dienste ingevolge daardie reëling—
 - (aa) wat, op of na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, aangegaan is of aangegaan sal word R10 miljoen in totaal oorskry of verwag word R10 miljoen in totaal te oorskry; en
 - (bb) nie as vergoeding vir doeleindes van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, kwalifiseer nie.

3. Uitgeslote reëlings kragtens artikel 36(4) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011

- 3.1. 'n Reëling bedoel in artikel 35(1) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, is 'n uitgeslote reëling indien die totale belastingvoordeel wat uit daardie reëling deur alle deelnemers aan daardie reëling verkry word of sal word, nie R5 miljoen te bowe gaan nie.
- 3.2. 'n Reëling bedoel in artikel 35(1)(c) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, is 'n uitgeslote reëling indien die belastingvoordeel wat uit daardie reëling verkry word of aanvaar word verkry sal word nie die vernaamste of een van die vernaamste voordele van daardie reëling is nie.